[1]

**OPENINGSVERKLARING, KODESA I, 20 DESEMBER 1991:**

**DR DAWIE DE VILLIERS, LEIER VAN DIE NASIONALE PARTY-AFVAARDIGING**

Vandag het die oënskynlik onmoontlike moontlik geword, het die eens ondenkbare inderdaad werklikheid geword. Twee jaar gelede het niemand kon droom dat die leiers van strydende en selfs vegtende partye in Suid-Afrika mekaar die hand oor die diep verdelings in ons land sou reik om hulle saam te verbind om 'n volwaardige demokrasie op vreedsame wyse tot stand te bring nie.

Dit is 'n wonder - 'n wonder waarvoor ons God moet dank. Die wonder is dat vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika daar 'n geleentheid is waar die leiers van <u>ál</u> Suid-Afrika se mense saam kan beraadslaag oor die toekoms. Vir die eerste keer kan hierdie leiers saam die verantwoordelikheid aanvaar om Suid-Afrika se volle en opwindende potensiaal te ontsluit. Dit skep vir ons groot geleenthede:

<u>Ten eerste</u>, die geleentheid vir vreedsame grondwetlike veranderinge.

Die sleutels vir die toekoms van Suid-Afrika is, menslik gesproke, in ons hande. Dit is binne ons vermoë om - anders as in baie ander lande - staatkundige veranderinge vreedsaam deur te voer sonder die tragedie en verwoesting van revolusie. Vreedsame oplossings vir ons probleme is binne ons bereik.

Daar is tweedens die geleentheid om nou 'n volwaardige demokrasie in Suid-Afrika tot stand te bring.

Demokrasie is 'n brose instelling. In die naam van demokrasie is die ware beginsels van demokratiese regering al dikwels vertrap, en die jongste geskiedenis is vol voorbeelde daarvan. Die Nasionale Party het hom daarom verbind tot stemreg vir almal maar met doeltreffende wigte en teëwigte wat magsmisbruik, oorheersing en verdrukking sal voorkom.

A true and a sustainable democracy is based on majority rule but in plural societies that rule is always conditional on the fair treatment of, and meaningful participation by minorities. This principle should be embodied in our constitution.

Throughout the world, the fear of domination and authoritarian rule bedevilled relationships in plural societies. In a multi-cultural society it is essential that the system of government should inspire the people with confidence and allay their fears and uncertainties about the future. It should be our objective to build co-operation and a spirit of reconciliation into our constitution.

In a country with diversities such as ours, the concentration of power in an all-powerful central government simply could not serve the best interests of our people.

The National Party feels strongly that government should be close to the people; that the interaction of the people at local and regional level with those who have been given authority to govern, should be as close and direct as possible.

The National Party therefore feels strongly that there should be three tiers of government - local, regional and national - with the powers and functions of each being entrenched in the constitution.

This fundamental viewpoint also underlies our understanding for and sympathy with the unique constitutional position of the King of the Zulu nation. We trust that an acceptable solution can be found soon, to enable him as well as other traditional leaders with special status to become involved in the negotiation process. The National Party suggests that CODESA and its management committee further consider and investigate such possibilities.

Daar was 'n tyd in die verlede toe die Nasionale Party geoordeel het dat 'n beleid van skeiding, vrede in ons land sou bring. Dit het nie uitgewerk nie. Die beleid het nie die verwagte vrede gebring nie, maar groter konflik en toenemende onreg. Dit was nie die bedoeling om ander mense te verontreg en hulle leed aan te doen nie, - maar dit het ongelukkig in sommige opsigte daartoe gelei. In soverre dit gebeur het, is ons jammer. Daarom het ons na diepe en eerlike selfondersoek 'n fundamentele ommekeer

gemaak. Ons het onsself gestel op uitgangspunte wat na ons beste oortuiging moreel regverdigbaar is.

Ons het ons daartoe verbind om 'n volwaardige, vrye, nie-rassige demokrasie, sonder enige vorm van oorheersing, na te streef. Daartoe is ons verbind en daarvan sal ons nie afwyk nie. Ons is nie van plan om die foute van die verlede te herhaal nie, maar ons is ook nie van plan om toe te laat dat die bewese foute van stelsels of beleidsrigtings wat elders misluk het, hier herhaal moet word nie.

Derdens, het ons die geleentheid om 'n basis vir ekonomiese groei en voorspoed te skep. Ons is almal bewus daarvan dat daar baie hoë verwagtinge van die nuwe Suid-Afrika koester.

Die werkloses verwag dat daar werk vir hulle sal wees. Die wat werk het, verwag hoër vergoeding en vinnige bevordering.

Diegene wat deur agterstande en armoede geknel word verwag spoedige verligting.

Sakemanne wat deur moeilike ekonomiese omstandighede geknel word verwag om hul besighede uit te brei en om die voordele van groei in Suid-Afrika en nuwe internasionale markte te kan benut. Almal koester hoë verwagtinge.

As hierdie groeiende verwagtinge nie tot 'n mate bevredig gaan word nie, is die risiko's van onrus en onbestendigheid in ons land baie groot - ongeag van wie die land regeer.

Die harde werklikheid is dat van al die lofwaardige sake wat ons in die verklaring van voorneme ingeskryf het, uiteindelik niks tereg gaan kom as dit nie deur gesonde ekonomiese groei en vooruitgang ondersteun word nie.

Die nuwe beleggings wat noodsaaklik is vir ekonomiese groei en werkskepping sal nie plaasvind solank die moontlikheid van nasionalisering, verhoogde belastings, arbeidsonrus, verbruikersboikotte en onrealistiese loon-eise sakevertroue in Suid-Afrika en van buitelandse beleggers ondermyn nie.

Sonder sakevertroue en investering sal daar ook geen groei en werkskepping en ook nie die belastinginkomste wees wat nodig is om die enorme sosio-ekonomiese agterstande en die maatskaplike behoeftes in ons land doeltreffend aan te spreek nie.

As Suid-Afrika die nodige welvaart aan die Republiek van Suid-Afrika en sy mense wil besorg, sal ons saam met Oos-Europese en ander ontwikkelende lande moet meeding om 'n billike deel van die wêreld se beleggingskapitaal te bekom. Dit sal vereis dat ons ons belastingkoers sal moet verlaag, arbeidstabiliteit moet verseker, repatriasie van kapitaal, rente en dividende moet waarborg. Onrus en geweld sal ook onder beheer gebring moet word en die veiligheid van mense naas die beskerming van hul besittings, sal deur ons gesamentlike leierskap met mening aangespreek sal moet word. In order to achieve this aim, a well-prepared defence force and a highly professional police

force are of the utmost importance - the National Party is committed to this.

Despite the adverse effect which certain aspects of former National Party political policies undoubtedly had on the economy, it is nevertheless very significant that the resources of this country have already been developed to such an extent that South Africa is today recognised as a major economic force on our continent and even beyond. Several indisputable statistics substantiate this reality and it is a fact that there are countries in Africa with comparable resources.

The singular resilience and inherent strength of our economy was dramatically illustrated inter alia by its capacity to withstand the effect of wide-ranging sanctions applied over many years.

During this time we not only survived sanctions, but regularly registered positive real growth, albeit at a lower rate than would otherwise have been possible.

At the same time, we also embarked on a major on-going restructuring of our economy. The result is that today our economy is poised for a resumption of sound growth, with fundamental parameters well-placed to support the imminent upswing.

The abolition of trade sanctions has boosted our export potential especially our already significant trade with Africa. Our

increasing access to international financial markets where we have very high standing, will further support higher and more sustainable economic growth than was possible in recent years. The removal of discriminatory and other inhibiting legislation will make a further contribution in this regard.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die Nasionale Party hom verbind om 'n ekonomiese stelsel te bevorder, waarin:

* Alle mense vry sal wees om hulle arbeid te verkoop en hulle produkte te bemark;

* eiendomsreg vir almal toeganklik sal wees en deur 'n handves van fundamentele regte beskerm sal word;

* die handhawing van fiskale en monetêre dissipline, wat die interne en eksterne waarde van die Rand sal beskerm, verseker sal word;

* die hulpbronne van die Staat vir almal se welsyn regverdig aangewend sal word, met die strewe om die sosio-ekonomiese agterstande wat in ons land bestaan, so spoedig as moontlik uit te wis;

Dit is nou ons geleentheid en uitdaging om 'n nasie te bou; om bokant die verdelings en bitterheid van die verlede uit te styg en mekaar te vind in 'n nuwe trou en lojaliteit teenoor ons vaderland.

Dit is nie moontlik om oor nasiebou te praat sonder om 'n opmerking te maak oor daardie politieke groeperinge wat besluit het om van die Konvensie weg te bly nie. Solank hulle buite bly is ons nasie nie voltallig nie, het Suid-Afrika se kinders nog nie almal met mekaar vrede gemaak en grondwetlik huis toe gekom nie.

Ek rig my in besonder tot die lede van die Konserwatiewe Party en ander regse organisasies. KODESA bied ook aan u 'n geleentheid om u oortuigings en standpunte hier te kom stel. In die verklaring van voorneme wat vandag deur al die verteenwoordigers onderteken gaan word, word spesifiek daarna verwys en ek haal dit graag aan naamlik dat: "huidige en toekomstige deelnemers vrye geleentheid gebied sal word om enige voorstel wat op demokratiese beginsels gebaseer is, aan die Konvensie voor te lê".

Hoe jammer sal dit nie wees as daardie partye wat daarop aanspraak maak dat hulle ook mense verteenwoordig wie se voorgeslagte groot opoffering in hierdie land gemaak het, in gebreke bly om hul saak te kom stel. Nie alleen die debatte nie, maar ook die resultate van ons beraadslaging mag onvolledig wees sonder hul bydraes. Die Nasionale Party onderneem derhalwe om hom daarvoor te beywer om die beginsel van selfbeskikking vir volke op die agenda van KODESA te plaas.

Ek sluit af: Die toekoms van SA is in 'n besondere sin in ons hande. Dit is 'n geweldige verantwoordelikheid. Dit is binne

ons vermoë om ware vryheid en 'n standhoudende demokrasie in ons land te bewerkstellig.

Just as shadows can be seen only where there is light, so too, will we resolve what divides us only if we remember how much more unites us. There are the burdens of our country's contemporary history. But if we use our time at the conference table to catalogue the wrongs and injustices that our people have endured, it will be narrow and shortsighted.

What is required at this moment in our history is the courage and the daring and the deeds of the builders and the doers at this convention. These are the things to which we would want to relate and pass on to our children. Our fondest hope remains peace and human dignity. These are the values that permit us to dream of a future without the antagonisms of the past.

As daar één leuse - één lewensbenadering is wat ons op hierdie tydstip nodig het, dan is dit om Suid-Afrika eerste te stel. Daar kan 'n magtige boodskap uit hierdie Konvensie opklink as ons almal waarlik in 'n gees van opregte versoening en verdraagsaamheid kragte verenig om 'n nuwe nasie te bou. Dit is die opwindende uitdaging waarvoor ons staan - die historiese geleentheid wat ons het, maar ook die groot verantwoordelikheid wat op ons rus.

Mag die Here God ons daartoe krag, genade en wysheid gee.